Sondag 3 Mei
Skrifgedeelte: Matteus 5:3-12
Fokusgedeelte: Matteus 3:3-12

God se genade laat ons as geseëndes in die koninkryk lewe

Ons het gister in Johannes 3 reeds gevra: Wat maak ons met ons "genadegeskenk", met die lewe van die koninkryk van God? Vandag kry ons 'n omvattende antwoord op hierdie vraag: die sogenaamde "saligsprekinge"! "Salig spreek" beteken dat jy as "geseënd" gereken kan word omdat jy deel het aan die koninkrykslewe. Hulle wat deur God in Christus en die Heilige Gees deel gegee is aan hierdie nuwe manier van lewe! 'n Lewensbeskouing en lewenswyse wat totaal anders is as die lewe van hierdie wêreld en die domein van Satan. Hoe lyk hierdie koninkrykslewe waarin ons deel teenoor 'n lewe sonder God?

| | |
|---|---|
| Jy leef elke dag afhanklik uit die hand van God. | Teenoor: Jy dink ek kan self – ek het God nie nodig nie! |
| Jy treur oor jou sonde en gebrokenheid. | Teenoor: Jy dink dat jy eintlik 'n baie goeie mens is wat net nog beter vir jouself kan doen. |
| Jy vertrou altyd op God en probeer nie jouself handhaaf nie. | Teenoor: Jy leef met die krag van geweld waarmee jy jouself handhaaf en mense ver-niel. |
| Jy wil altyd doen wat reg is in God se oë. | Teenoor: Jy dink dat net jy reg is en dat jy die reg het om te maak soos jy wil. |
| Jy kry mense wat ly jammer en help hulle. | Teenoor: Jy maak jou oë toe vir nood in die wêreld, want jy leef net vir jouself. |
| Jy leef met jou hele hart vir die Here. | Teenoor: Jy dien God met halfhartigheid. |
| Jy maak vrede waar jy gaan. | Teenoor: Jy is iemand wat onmin en twis saai waar jy gaan. |
| Jy is bereid om vir God lyding te dra. | Teenoor: Jy verloën die Here die oomblik wanneer dit swaar gaan. |

Bid elke dag dat God jou steeds meer met sy Gees vul en steeds meer deur sy Woord lei, sodat ons uit dankbaarheid vir sy groot genade 'n volle koninkrykslewe mag lewe!

*Sing: Skrifberyming 11-4:1 ,2, 3*

*Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)*